Werktuigkunde

"' n Man wat té besig is om sy gesondheid op te pas, is soos ' n werktuigkundige wat té besig is om sy gereedskap op te pas."
- Spaanse spreekwoord

Doelwit: *Om die Verkenner vertroud te maak met die werking en herstel van voertuie.*
Weergawe: *2007.0*
Datum: *Augustus 2007*

Begronding:

Voortrekkerkode:
8. 'n Voortrekker neem leiding.
9. 'n Voortrekker is oplettend en weerbaar.
10. 'n Voortrekker is diensvaardig.

ABC: Tydens die aanbieding van die spesialisasie sal die Verkenner die vaardighede aanleer om homself of 'n ander persoon behulpsaam te wees in 'n situasie waar 'n voertuig onklaar raak. Sodoende ontwikkel die Verkenner as positiewe landsburger. Die Verkenner beoefen ook sy leierskap in die uitvoering van sy pligte.

Aanbiedingsvereistes:

Tydsduur:	2 dae	**Graadgroep:**	8 - 12
Voorvereistes:	Geen		
Aanbieding:	Die spesialisasie kan individueel of in spanverband afgehandel word.		
Toekennings instansie:	Kommando, GGA-aanbieder.		

Uitkomste:

Om die kenteken te verwerf moet die Verkenner:

1. *Die verskille ken tussen geloodte en loodvrye brandstof en die voordele wat laasgenoemde vir die werksverrigting van 'n motor inhou verstaan.*

2. *Die werking van die binnebrandmotor verduidelik vandat die sleutel gedraai word totdat die masjien luier, voordat die motor in beweging geplaas word. Hy moet ook kan onderskei tussen konvensionele en elektroniese ontsteking.*

3. *Vertroud wees met al die Afrikaanse name vir die onderdele.*

4. *Vertroud wees met die voorsorgmaatreëls wat getref moet word wanneer daar gewerk word met of naby ontvlambare vloeistowwe of brandstowwe.*

5. *Vertroud wees met die samestelling van smeermiddels, asook die funksie daarvan.*

6. *Vertroud wees met die wyse waarop die volgende uitgevoer kan word en ook vertroud wees met die gereedskap wat benodig word om dit uit te voer:*
   - *6.1 Die elektroliet van 'n battery vir digtheid toets en die battery laai indien nodig.*
   - *6.2 Die ontstekingsiklus van 'n motor met 'n stroboskoop nagaan en verstellings doen indien nodig.*
   - *6.3 'n Eenvoudige diens onderneem (vervanging van olie, oliefilter, lugfilter, nagaan van die verkoelerwater, vonkproppe en punte indien van toepassing).*
   - *6.4 Die remskoene en die remvloeistof vervang.*
   - *6.5 Die noodrem (handrem) verstel.*
   - *6.6 Verkoelerpype vervang.*
   - *6.7 Die waaierband vervang.*
   - *6.8 'n Tydperk van **drie** ure by 'n spesialiswerkswinkel (motorelektrisiën,verkoelerhersteller, motoringenieurswerke) deurbring en verslag lewer oor die aard van die werk, verkryging van onderdele en die tyd wat aan sekere take spandeer word.*
   - *6.9 'n Motor met behulp van elektriese noodkabels aan die gang kry.*
   - *6.10 Ewenaarolie van 'n motor vervang.*

7. *Met vertroue kan optree indien die volgende situasies opduik wanneer 'n voertuig in gebruik is:*
   - *7.1 Die oliedrukwaarskuwingsliggie aangaan.*
   - *7.2 Die temperatuurwaarskuwingsliggie aangaan.*
   - *7.3 Die batterylaaierwaarskuwingsliggie aangaan.*
   - *7.4 Die motor gaan staan.*
   - *7.5 Die uitlaatstelsel losgaan.*